**Tema: Die Nagmaal sê: Christus in my plek – ek moet dit glo en bly wees!**

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 163: 1
Votum uit Jes. 48
12Luister na My, Jakob, luister, Israel, vir wie Ek geroep het:
Ek is die Here, Ek is die eerste, en Ek is die laaste.

Seën
Loflied Sb.1-2:1,2,3
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet uit Eks 20
Sing sondebelydenis uit Ps. 38 – 1: 1,15,17
Gebed.

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Jesaja 52:13 tot Jesaja 54: 5 (1983 Vert)
Teksverse: Jesaja 53: 1, 10 – 12 en 54: 1
Sing Sb. 1-3: 1 (Mel van Ps. 128) (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging.

**Sakramentbediening**
Sing staande Sb. 12 – 6: 1,2,3,5
Nagmaalsformulier van Calvyn
Sing Sb. 17 – 3: 1,2
Bediening van die Sakrament.
Sing aan tafel Ps 116 – 1: beurtsang: vers 7 (almal), 8 (srs), 9 (brs) en 10 (almal).

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed aan tafel
Liefdegawe;
Sing Sb 5 – 3: 1,2
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs en srs

Ons het verlede Sondag gehoor hoe 4 jongmense hulleself met geloofbelydenis toewy aan die Here! Hulle het beloof om die Here te dien. Hulle staan nou saam met ons almal in diens van die Here! Ons is – om dit in moderne taal te sê “werknemers” van die Here! Ons is hier om sy wil te doen.

En ons almal wil dit graag van harte doen. Ons wil – soos die Here Jesus ons in die samevatting van die Wet leer – die Here dien met ons “hele hart, met ons hele siel en met al ons kragte” En ons probeer ons bes. En tog – kom ons net nie voluit daar nie! Vanweë ons sondige natuur en ons liggame wat aan gebrokenheid onderworpe is, kom ons net nie daar waar ek vir myself of vir die Here kan sê: nou is ek volledig gehoorsaam nie! Ek is nou nog nie volledig met my met my denke, my emosies en met al my kragte in diens van die Here nie!

Daar ontbreek altyd weer nog iets! Nog denke wat vernuwe moet word! Nog êrens ŉ sonde waarmee ek vashak, nog iets waarmee ek my nie ten volle toewy nie! Dalk ook liggaamskragte wat min word en jy voel jy kan nie meer jou alles gee nie!

Die volk Israel moes des te meer so gevoel het! Hulle was alreeds lank in ballingskap nadat die Here hulle gestraf het – soos wat ons uit die boek Klaagliedere gehoor het! Hulle het sekerlik gedink die Here het hulle daar in Babel vergeet het en dat hulle nooit weer die Here in Jerusalem sal kan dien nie! Sommige van hulle het die belofte van die Here vergeet dat Hy hulle weer sal terugbring!

In Jesaja 40 kondig die Here hierdie terugkeer uit die ballingskap vir hulle aan! In In Jesaja 40: 2 sê die Here vir hulle: julle het julle skuld betaal! Hulle gaan terugkom na Jerusalem! En dan kondig die profeet Jesaja met verskeie profesië aan dat die Here sy volk weer in sy diens sal neem! Hierdie besondere profesiëë word die “knegliedere” of die “dienaarliedere” genoem!

Vanaf Jes 41 kry ons ses sulke profesieë waarmee die Here aankondig dat Hy die volk in sy diens sal neem omdat hulle sy uitverkore volk is! Hy sal sy Gees op hulle uitstort en hulle sal ŉ lig vir die nasies wees! Hulle sal die woord van die Here verkondig! Hulle sal weer dienaars van die Here wees!

Maar dan kom ŉ mens by hierdie laaste dienaarsliedë/profesie wat ons vanmore gelees het! En onmiddelik besef ŉ mens: maar wat van hierdie dienaar in Jes 53 gesê word, kan nie op die volk van Israel van toepassing wees nie! Hier word van iemand anders gepraat! Iemand groters as Israel wat namens die volk iets gaan doen! Iemand wat as ŉ plaasvervanger vir die volk by God gaan optree! Iemand wat in hulle plek vir hulle die dienswerk volkome gaan doen!

Brs en srs, vanuit die Nuwe Testament is dit baie duidelik: hierdie hoofstuk is ŉ profesie van wat Jesus Christus ons Here sou kom doen! Hy sou namens die volk en namens elkeen wat in Hom glo: die volmaakte dienaar van die Here wees! Hy sou die werk van die Here volkome kom doen! Hy sou met sy hele liggaam en siel en met al sy kragte – in ons plek – die volkome Dienaar van God wees!

Die profesie kondig in Jes 53: 1 hierdie goeie nuus aan so asof niemand dit sal glo nie! Hy vra: Wie sal ons glo as ons hiervan sal vertel? Wie sal die wonderlike mag van die Here hierin raaksien!

Ja, niemand sal kan glo dat iemand anders ons lyding op Hom sal neem en ons siektes vir ons sal dra nie! Dit is onbegryplik dat iemand anders in ons plek vir ons sonde geslaan, deurboor en gepynig sou word! Dat Hy liggaamlik gepynig sou word sodat deur sy wonde daar vir ons liggame genesing kan wees!

Dat ons almal se sonde op Hom sou afkom en soos ons teksverse sê: Hy sy lewe as ŉ skuldoffer sou gee! Hy sou volledig in my plek doen wat ek moes doen! Dit het Jesus vir my kom doen – in my plek – namens my kom doen! En ek kan en moet dit vanmore glo!

Geliefde brs en srs, wanneer ek dan soos die volk van ouds voor God kom staan met my gebroke dienswerk, my gebrekkige toewyding, my halwe hart en my leë hande– dan tref die waarheid van ons tekshoofstuk my soos ŉ wonderwerk van God! Die wonder van die evangelie! Dit is die mag van God: Christus het volkome dienswerk vir my kom doen! Christus het in my plek voor God kom staan – Hy het Hom na liggaam en siel so in my plek gegee – dat ek nou as volmaakte dienaar voor God kan staan! Sy volmaakte dienswerk word vir my toegereken.

Christus het nie net my geestelike lewe en my geestelike dienswerk in my plek kom doen nie! Hy het ook sy liggaam aan pyn, lyding en bloeiend wonde onderwerp – ja self tot die dood toe – sodat daar genade vir my stukkende liggaam wees! Dat daar vir my liggaam genesig kan wees deur sy wonde! Dat my gebroke en en aan die ouderdom onderworpe liggaam steeds diensbaar aan die Here kan wees!

Geliefde br en sr, so seker as wat ek en jy die brood en wyn as die tekens van die liggaam en bloed van Christus vanmore sien en ontvang en inneem, so seker het Christus my dienswerk voor God vervolmaak! Israel, die volk van die Here kon dit nie doen! Ek kan dit nie doen nie – maar Christus kon dit volkome doen! Hy het vrywillig – in my plek – die volle vrag van my dienswerk na liggaam, siel en gees voor God vervolmaak! Glo dit en gryp daaraan vas as God se evangelie van redding vir jou liggaam en jou siel!

Om hierdie rede is daar vir my vergifnis vir my gebroke dienswerk! Daarom kan ek elke keer weer voor God kom staan – God vergewe my volkome in Christus! Ek hoef nie meer skuldig te voel oor my gebroke dienswerk nie! Ek hoef nie skuldig te voel oor die sonde wat nog deel is van my lewe nie! God vergewe my dit! Jesaja sê dit in hf 54: 4 – jy moenie verleë staan voor God nie! Nee, glo in Christus en weet dat sy plaasvervangende dienswerk jou vry maak voor God – ook van jou skuldige gewete. Wie kan dit glo! Ons kan en moet dit glo!

Maar brs en srs, Christus se plaasvervangende dienswerk het in die tweede plek nog meer vir my kom doen! Hy het ook vir my ŉ toekoms as getroue dienaar van God kom bewerkstellig! Ons teksvers, vers 10 – 12 maak dit duidelik dat Christus se dienswerk in my plek, ook aan my die vermoë gee om my gebroke dienswerk te kan voortgaan! Want ek deel aan die oorwinning van Christus! In Hom en deur die kragtige werk van die Heilige Gees, is daar ook vir my voortgaan en oorwinning in my dienswerk moontlik!

Ek moet nie moedeloos word wanneer ek na my gebroke dienswerk kyk nie – Nee, ek moet juis in Christus nuwe krag vind om God my Vader met getrouheid te dien! Ek weet nou: Christus het klaar in my plek vir my gebroke dienswerk betaal! Ek is steeds dienaar van die Here – maar ŉ dienaar wat deur Jesus begenadig is om te kan groei in my toewyding! In Christus kan ek my denke vernuwe sodat ek myself as lewende offer vir die God kan gee! Dat ek my met die krag van die Heilige Gees aan meer aan God kan toewy! Sodat ek my liggaamskragte kan gebruik die Here te dien!

Dit is waarom Jesaja in hf 54: 1 – 3 vir Isarel sê: Wees bly! Jubel en juig ! Israel as volk van die Here gaan groei! Maak groter die plek vir jou tent, maak breer jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie! Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, want jy gaan uitbrei! Hierdie metafoor verwys na die kragtige werk van die Heilige Gees in ons as dienaars van die Here se lewe! Deur die plaasvervangende dienswerk van ons Here Jesus – kry ons deel aan die kragtige en lewegewende werk van die Heilige Gees waarmee ons in ons diens kan groei en toeneem!

Waar ek my in my dienswerk deur die Gees van God laat lei – daar kom God se krag, sy sterkte en sy vermoëns in my lewe na vore sodat ek ŉ goeie en getroue dienskneg van die Here kan wees!

En vanmore kom gee Christus deur die Heilige Gees ons die krag deur die Nagmaal vandag! Net soos brood en wyn my liggaam fisies versterk – maak hierdie ongelooflike boodskap van Christus in my plek – my sterker vir my dienswerk! Dat ek nou met nog groter ywer die Here wil dien – Juis omdat ek vrygespreek is en juis omdat ek so jubel oor wat Jesus vir my gedoen het!

My liggaam wat siek word, kan genees word sodat ek met groter krag en ywer vir die Here kan werk! Ja, en selfs al word ons liggame vanweë die ouderdom swak en broos – kan ek steeds kragtig in diens van die Here wees met my gebede en my getuienisse oor God en sy genade in Jesus Christus!

Dit vuur my aan: dat ek die Here met my hele hart, my hele siel en my al my kragte dien! Omdat Jesus in my plek gedien het, wil ek ook ŉ getroue dienskneg wees! Wil ek ook groei en toeneem in my diens aan Hom!

Eendag wil ek ook uit sy mond hoor: mooi so: Jy is ŉ goeie en getroue slaaf, Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!

Geliefdes – Hierdie nagmaal verkondig: Jesus in my plek! Glo dit en wees bly en dien die Here met blydskap!

Amen